



Verwysing: 20170116-7297
12/2/8/13/1

Navrae: L Ngondo
P Smit

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0003/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en onderwys-distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Hoofde: Strategiese Informasie, Institusionele en -Mensebestuur, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Kurrikulumadviseurs en Prinsipale van alle gewone openbare primêre skole

ONDERWERP: BEROEP OP SKOLE OM VIR DIE 2017 GRAAD 6 VEELTALIGE SKEPPENDE SKRYFWERK-KOMPETISIE TE REGISTREER

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) in samewerking met die *Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSALB)*, die *Sentrum vir die Boek, die Taaleenheid van die Departement Kultuursake en Sport*, stads- en provinsiale biblioteke, die *Afrikaanse Taalraad*, die *Suid-Afrikaanse Uitgewersvereniging (Pasa)* en EDULIS bied weereens 'n graad 6 Veeltalige Skryfwerk-kompetisie in 2017 aan.
2. Die doel van die kompetisie is om die proses van skeppende skryfwerk in jong leerders te versterk en 'n liefde en belangstelling vir die ervaring daarvan te skep.
3. Aangesien skeppende skryfwerk deel van die Kurrikulum en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uitmaak, mag die punte van die kompetisie vir die eerste Formele Asseseringstaak (FAT) van Kwartaal 1 gebruik word.
4. Die WKOD hoop dat hierdie uitdaging Graad 6 Tale-opvoeders sal aanmoedig om hulle leerders te motiveer om deel te neem aan die kompetisie.
5. Die kompetisie sal in leerders se Huistaal aangebied word.
6. Die finale geskrewe werke sal in 'n veeltalige storieboek, getiteld **“Uit die pen van die leerder”**, gepubliseer word.
7. Werksessies sal deur Tale vakadviseurs in distrikte aangebied word, met die doel om skole te ondersteun ter voorbereiding en uitvoering van die kompetisie.

8. Kompetisieproses

- 8.1 Daar is 'n keuse tussen narratiewe en beskrywende onderwerpe aangeheg as **Bylaag A**.
- 8.2 Leerders moet die eerste konsepstuk, sowel as die finale skryfstuk in 'n A5 oefenboek, volgens die voorgestelde kriteria in Bylaag B inhandig. Daar word van opvoeders verwag om die skryfstuk na te sien voor einde Maart 2017, volgens die assesseringsmatriks in **Bylaag B**.
- 8.3 Opvoeders selekteer hulle beste (d.w.s. **slegs een**) skeppende skryfstuk en skryf dit op distriksvlak in.
- 8.4 Die konsepstuk sowel as die finale skryfstuk moet in die A5 oefenboek na die betrokke AOO-Koördineerder **teen 26 April 2017** gestuur word. 'n Lys met die besonderhede van die AOO-Koördineerders is in die tabel hieronder aangebring.
- 8.5 Die keurders in die distrik sal die **drie (d.w.s. een per taal)** beste skeppende skryfwerkstukke kortlys en dit na die Provinsiale Skeppende Skryfwerk Komitee stuur wat die **tien** beste stories d.w.s. 3 per taalgroep, insluitend 1 vir Sesotho, sal kies.
- 8.6 Die tien beste skryfstukke sal in 'n veeltalige storieboek gepubliseer word.
- 8.7 Alle deelnemende skole sal 'n kopie van die veeltalige storieboek ontvang.
- 8.8 Beide die wen-leerder asook die skool sal waardevolle pryse by 'n Provinsiale boekbekendstelling en gala-funksie in September 2017 ontvang.

9. Vind asseblief die skedule van kompetisiedatums aangeheg as **Bylaag C**.

10. Prinsipale word versoek om hul skole so gou as moontlik te registreer aangesien dit met die logistieke rondom die kompetisie sal help.

11. Die registrasievorm (**Bylaag D**) moet teen **Donderdag 03 Maart 2017** by die betrokke AOO-koördineerder, soos gelys in die onderstaande tabel, ingedien word:

Distrik	Koördineerder	Tel	E-pos	Faks
Metro-Sentraal	Avrille Morgendal	021 514 6770	Anna.Morgendal@westerncape.gov.za	086 236 1892
Metro-Noord	Malefo Makena	021 938 3104	Malefo.Makena@westerncape.gov.za	021 938 3183
Metro-Oos	Benjamin Crombie	021 900 7051	Benjamin.Crombi@westerncape.gov.za	086 664 2631
Weskus	Ursula Esau	021 8601 569	Ursula.Esau@westerncape.gov.za	086 562 3907
Kaapse Wynland	Edgar Johannes	023 348 0605	Edgar.Johannes@westerncape.gov.za	086 555 0261
Eden & Sentraal Karoo	Marietjie Beukes	044 803 8316	Marietjie.Beukes@westerncape.gov.za	086 673 8499
Metro-Suid	Lorraine Bailey	021 370 2041	Lorraine.Bailey@westerncape.gov.za	021 372 1856
Overberg	James Daniels	028 214 7363	James.Daniels@westerncape.gov.za	028 214 7400

12. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van die betrokke personeellede te bring.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2017- 02 -14